Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

OESJAAR

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Hierdie wingerd is vir my present gegee
Sorg al dekades vir my oes
Aangeplant sonder dat ek dit geweet het!
Die grond was deeglik voorberei
Die lote met sorg gekies
Uit ‘n stoere moederstok gesny

Na drie jaar kon ek al ‘n eerste oesie inbring
Beskeie druiwe – net ‘n vat of twee
Die pad was dikwels opdraand
Maar opdraand leer jou verstaan
Wat dit vra om met edel vrugte om te gaan.

Hierdie wingerd is my gawe, my pasella reg van Bo
Hierdie wingerd daag my uit om hard te werk en vas te glo
Hierdie wingerd is my hawe
Hierdie wingerd is my lewe
Laat my reis op ver ver paaie
Gee my iets om voor te strewe

Hierdie wingerd het ek verniet gekry
Ek kan woeker met die lied
Goddelike gawes – taal en toon
Wat soos druiwesap en liefde
Fyn versny moet word tot wyn
Wat die tong betower – en in die siel bly woon

Hierdie wingerd is my gawe, my pasella reg van Bo
Hierdie wingerd daag my uit om hard te werk en vas te glo
Hierdie wingerd is my hawe
Hierdie wingerd is my lewe
Laat my reis op ver ver paaie
Gee my iets om voor te strewe

Jy staan nou in my wingerd
Jy, my lief, geskenk van Bo
hierdie oesjaar word ‘n feesjaar vir ons twee
ons gaan elke dag ‘n oesfees hou
en elke druppel nektar
Tower ek om tot edel wyn vir jou

Van hierdie jaar het ons die wonderlikste oesjaar gemaak
Met cultivars wat nog beter as vroeër jare smaak
Elke wyn het ons gepaar met net die allerbeste dis
Karoolam, Bosveldbiefstuk, Weskusvis
Hierdie oesjaar is ons feesjaar
Die wingerd is ons woning
Kom ons oes, pars, en deel
Alles wat ons het met liefde – met liefde